

# Personeelkamer Opening

## 71. Los jou bekommernis by die deur

'n Man het 'n loodgieter gehuur om hom te help met die herstel van sy ou plaashuis. Dit was die loodgieter se eerste werksdag op die plaas en alles wat verkeer kon gaan het behoorlik verkeerd gegaan. 'n Pap wiel het gemaak dat hy 'n uur se werk verloor, sy elektriese boor het gebreek en sy antieke een ton trok het eenvoudig geweier om aan die gang te kom.

Die man het hom maar huistoe geneem, terwyl hulle in doodse stilte gery het.

By die loodgieter se huis aangekom het hy die man ingenooi om sy gesin te ontmoet. Terwyl hulle aanstap na die voordeur het die loodgieter vir 'n oomblik eers stil gestaan by 'n klein boompie en die punte van die blare aangeraak. Toe hy die voordeur oopmaak was dit asof hy 'n wonderbaarlike transformasie ondergaan. Sy gesig het gegloei van blydschap en hy het sy twee klein kinders vasgedruk en sy vrou 'n soen gegee.

Agterna het die loodgieter saam met die man na sy motor gestap. Hulle het verby die boompie geloop en die man kon sy nuuskierigheid nie meer bedwing nie. Hy vra die loodgieter toe oor dit wat hy hom vroeër gesien doen het.

“Ah, dit is my bekommernis boom,” het die loodgieter geantwoord. “Ek weet ek kan nie help om moeilikheid by die werk te ondervind nie, maar een ding is verseker en dit is dat die moeilikhede nie in die huis hoort saam met my vrou en kinders nie. So, dus hang ek hulle elke aand maar aan die boompie op wanneer ek by die huis kom en vra God om na die probleme om te sien. In die oggend tel ek hulle weer op. Snaakse ding is,” glimlag hy, “dat wanneer ek in die oggend uitkom om hulle op te tel is daar nie naastenby meer soveel soos wat ek gisteraand opgehang het nie.”

### **Toepassing:**

Dis miskien 'n goeie idee dat ons elkeen so boompie by die huis het, want mens besef seker nie elke dag watter onreg jy jou geliefdes aandoen deur in 'n slegte bui van die werk af te kom nie.

Kom ons probeer vandag almal by die huis aan te kom met 'n glimlag op ons gesig en blydschap in ons hart - ons is dit aan ons vrou / man / kinders verskuldig. Los jou bekommernis by die deur.

Geskryf deur Danie Viljoen